



Hoe om Jou Kind se Van te Verander



Hoe om 'n kind se van te verander

As die geboorte van 'n kind geregistreer word, kry die kind óf die pa óf die ma se van, afhangend van die omstandighede. Die van word op die kind se geboortesertifikaat geskryf.

Tog gebeur dit partykeer dat 'n kind onder 'n van bekend is wat verskil van die van wat hy of sy by geboorte gekry het. Byvoorbeeld, 'n kind kan geregistreer wees onder die pa se van, maar die ma se van in die daaglikse lewe gebruik.

As jou kind 'n van gebruik wat verskil van die een wat op die geboortesertifikaat staan, kan jy by die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie aansoek doen om jou kind se van te verander. Dit is belangrik dat die van wat werklik deur die kind gebruik word, op die geboortesertifikaat staan om die kind se identiteit te bewys en om enige verwarring te voorkom.

Wat is 'n geboortesertifikaat?

'n Geboortesertifikaat is 'n amptelike dokument wat 'n kind se identiteit, geboortedatum, geboortedorp en die naam van een of albei ouers bewys. Die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie reik 'n geboortesertifikaat uit wanneer die kind se geboorte geregistreer word. (Sien bl. 7 van hierdie boekie vir inligting oor geboorteregistrasie.)

'n Mens het 'n geboortesertifikaat vir baie dinge in die lewe nodig, soos om by 'n skool in te skryf, om toegang tot gesondheidsdienste en maatskaplike toelae te kry, en om vir 'n ID-kaart of 'n paspoort aansoek te doen. Dit is moontlik om die meeste van hierdie dinge sonder 'n geboortesertifikaat te doen, maar dit is baie moeiliker omdat die sertifikaat die maklikste manier is om presiese ouderdom te bewys.



Hierdie boekie verduidelik hoe jy jou kind se van op sy of haar geboortesertifikaat kan verander.

Hierdie boekie is gebaseer op Wet 81 van 1963 op Geboorte-, Huweliks- en Sterfteregistrasie, met bykomende inligting wat verskaf is deur die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie.

Wanneer kan 'n kind se van verander word?

'n Kind se van kan formeel verander word in die geboorteregister en op die kind se geboortesertifikaat as die kind minderjarig is (onder die ouderdom van 21) en as die kind bekend staan onder 'n ander van as die een op geboortesertifikaat in enige van die volgende gevalle:

- ▶ Die kind is buite die huwelik gebore en is onder die pa se van geregistreer, maar is bekend onder die ma se van.
- ▶ Die kind is buite die huwelik gebore en is bekend onder die ma se van of die ma se man (die kind se stiefpa) se van en nie onder die naam wat op die geboortesertifikaat voorkom nie.
- ▶ Die kind is binne die huwelik gebore en is bekend onder die ma se van of die ma se man (die kind se stiefpa) se van ná die dood van die kind se pa of nadat die kind se ouers geskei het.
- ▶ Die kind is bekend onder die van van die kind se voog (byvoorbeeld as albei ouers dood is).

Die Ministerie van Binnelandse Sake sal ook partykeer veranderinge aan die geboortesertifikaat toelaat in ander gevalle waar die kind bekend is onder 'n van wat verskil van die van op die geboortesertifikaat.

Dit is ook moontlik vir 'n kind wat buite die huwelik gebore is en onder die naam van die ma geregistreer is, om sy of haar van te verander na dié van die pa, as die pa die kind as syne erken.



Daar is bepaalde vereistes vir die verandering van 'n kind se van in sommige van die gevalle wat op die vorige bladsy aangegee is. Die tabel hieronder wys wat in elke geval vereis word.

Kind se van soos op die geboorte-sertifikaat aangegee	Van wat die kind normaalweg gebruik en graag wil hê	Vereistes
Die pa se van (die ouers was getroud)	Die ma of die stiefpa se van	As die ouers getroud was, moet die pa dood wees of die ouers moet geskei wees voor die kind kan aansoek doen om die van te verander na die ma of stiefpa se van. Die stiefpa moet skriftelik toestemming gee vir die gebruik van sy naam (as hy nog lewe).
Die pa se van (die kind is buite die huwelik gebore)	Die ma of die stiefpa se van	Die stiefpa moet skriftelik toestemming gee vir die gebruik van sy van (as hy nog lewe).
Die ma se van (die kind is buite die huwelik gebore)	Die pa se van	Die pa moet 'n geswore verklaring aflê waarin hy erken dat hy die kind se pa is. Die ma moet toestemming gee om die kind se van te verander.
Enige ouer se van	Die voog se van	Die voog moet skriftelik toestemming gee vir die gebruik van sy of haar naam (as die voog nog lewe).

Wie kan aansoek doen om 'n kind se van te verander?

As die kind jonger as 21 is, moet die kind se ouer of voog aansoek doen daarvoor.

Wie is 'n voog?

Om 'n kind se van te verander beteken die term “voog” enige persoon wat verantwoordelik is vir die kind se versorging, volgens wet (byvoorbeeld as die kind se ouers oorlede is en die persoon deur 'n hof of in 'n testament as voog oor die kind aangestel is) of in die praktyk (byvoorbeeld waar 'n ouma 'n kind versorg wat by haar woon). Die term “voog” het ander betekenis in ander wette.

As die kind 21 jaar of ouer is, moet hy of sy self aansoek doen.

Daar is een uitsondering op hierdie reël

As 'n kind wat buite die huwelik gebore is onder die ma se van geregistreer is en sy van na dié van sy pa toe wil verander, moet die aansoek deur die kind gedoen word as die kind nog onder die ouderdom van 21 is.

Dit is onduidelik waarom die reël vir die verandering van die ma se van na die pa s'n verskil van die reël vir die verandering van die pa se van na die ma s'n. Dit is dalk strydig met die grondwet, maar die reël moet nagekom word totdat die wet deur 'n hof of deur die parlement verander word.

Ek is op pad na die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie om Samuel se van te verander. Albei sy ouers is dood toe hy ses maande oud was en almal ken hom onder my van.



Kan 'n mens dit doen? Jy is nie sy ouer nie.

Ek is sy voog. Die wet sê hy kan sy voog se van aanneem as dit die van is wat hy normaalweg gebruik.

Hoe doen ek aansoek om my kind se van te verander?

Jy moet persoonlik aansoek doen by die Registrateur van Geboortes by die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. Die personeel sal jou help met die aansoek.

Jy moet die volgende dokumente saambring:

- ▶ Jou kind se geboortesertifikaat en doopseel
- ▶ Die ID, geboortesertifikaat of paspoort van die persoon wie se van die kind gaan neem. (As hierdie persoon nie 'n ID-kaart of geboortesertifikaat het nie, sal die Ministerie 'n skoolsertifikaat, doopseel of huweliksertifikaat aanvaar wat die persoon se naam sal bevestig.)
- ▶ Skriftelike toestemming van die stiefpa of voog dat die kind sy of haar van mag neem (as die van wat geneem word die stiefpa of voog s'n is)
- ▶ 'n Geswore verklaring van die pa wat erken dat dit sy kind is (as die van wat geneem word dié is van die pa van 'n kind wat buite die huwelik gebore is)
- ▶ 'n Geswore verklaring met die redes vir die verandering van die van en die aansoeker se kontakbesonderhede (woonadres, posadres, e-pos en telefoonnommer).

As jy die kind se van verander, sal die kind se vorige van nie van die geboortesertifikaat verwyder word nie. Die vorige sowel as die nuwe van sal op die veranderde geboortesertifikaat verskyn.

Moet ek betaal as ek aansoek doen om my kind se van te verander?

Ja. Van 2011 af kos dit N\$80 as die aansoek gedoen word deur die ouer of voog van 'n kind onder die ouderdom van 21, en N\$220 as die aansoek gedoen word deur 'n persoon van 21 jaar en ouer namens hom- of haarself.

Geen betaling word gevra wanneer 'n kind wat buite die huwelik gebore is se van verander word van die ma se van na die pa se van toe nie.

Om die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie te kry kontak die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie by 061-2922111.

Geboorteregistrasie

'n Kind se geboorte behoort geregistreer te word binne die kind se eerste lewensjaar. Hierdie standaard registrasieproses staan bekend as “Kennisgewing van Geboorte”. Dit is ook moontlik om die geboorte later in die kind se lewe te registreer – op enige ouderdom. Hierdie proses staan bekend as “Laat Geboorteregistrasie”. (Die geboortesertifikaat sal in albei gevalle dieselfde lyk.) Die tabel hieronder som die vereistes op vir albei tipes registrasie.

KENNISGEWING VAN GEBOORTE

Wanneer	By die kind se geboorte, of enige tyd tot die kind een jaar oud is.
Waar	By die hospitaal waar die kind gebore is, as hulle hierdie diens lewer, of by die naaste streekkantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. Daar is ook landdroskantore wat geboortes registreer.

LAAT GEBOORTEREGRISTRASIE

Wanneer	Enige tyd ná die kind se eerste verjaardag.
Waar	By die naaste streekkantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie. <i>Laat registrasie word nie by hospitale gedoen nie.</i>

WAT OM SAAM TE BRING VIR BEIDE TIPES REGISTRASIE

1. Jou kind se gesondheidspaspoort (doopseel sal aanvaar word vir laat registrasie as die gesondheidspaspoort nie gevind kan word nie)
2. ID-kaart en geboortesertifikaat of paspoort van een of albei ouers
3. As die kind se ouers getroud is: Huweliksertifikaat of verklaring van die nedersetting se hoofman of -vrou as die ouers volgens tradisionele wet getroud is.

As jy meer inligting wil hê oor geboorteregistrasie, raadpleeg die Legal Assistance Centre se boekie en strokiesprent waarvan die prentjie hieronder verskyn. Gedrukte kopieë is beskikbaar by die Legal Assistance Centre se kantoor (Körnerstraat 4, Windhoek), en elektroniese weergawes is beskikbaar op die Legal Assistance Centre se webwerf (www.lac.org.na).



Vir meer inligting oor die verandering van jou kind se van, kontak die naaste kantoor van die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie.



Teks: Christina Beninger, Dianne Hubbard en Rachel Coomer
 Vertaling: Lochna Meeser
 Illustrasies: Nicky Marais
 Ontwerp en uitleg: Perri Caplan
 Drukwerk: John Meinert Printing (Edms) Bpk
 Finansiering: Nederlandse Ministerie van Buitelandse Sake, MDG3-Fonds
 Uitgewer: Gender Research & Advocacy Project, Legal Assistance Centre, 2011

Die Ministerie van Binnelandse Sake en Immigrasie het gehelp met die ontwikkeling van hierdie pamflet.

Hierdie pamflet mag vir opvoedkundige doeleindes gedupliseer word, maar die bron moet vermeld word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf: www.lac.org.na